

Tydens Graan SA se kongres het mnr. Derek Mathews, die voorsitter van Graan SA, die praatjie deur mnr. Sam Roland van *The Economist* se intelligensie-eenheid opgesom deur te sê die graanwaardeketting moet sy samewerking verbeter en daarop konsentreer om die voordele daarvan te ontsluit.

Roland het produsente gelooft vir die groei wat die landbou-sektor getoon het. Die landbou was die toppresterende sektor en het met 25% ná covid-19 gegroei. Dis 'n merkwaardige syfer. Maar hoe vaar die ander?

In die graan-en-oliesade-waardeketting is 'n vergelyking van die onderskeie sektore se prestasie nodig om te weet waar die knelpunte in die waardeketting is wat keer dat dit optimaal funksioneer.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die JSE se stoortariewe jaarliks bygewerk word deur die styging in die produsenteprysindex (PPI) (finale vervaardigde goedere) op 'n jaargrondslag te gebruik.

In Amerika is opbergde mielies voor dit verwerk word deel van die opname waarvolgens die PPI (intermediêre vraag) in Amerika bepaal word. Die Chicago Board of Trade (CBOT) gebruik egter nie die indeks om die CBOT se stoortariewe jaarliks by te werk nie. Die CBOT se stoortariewe word op die vrye mark bepaal en is gelykstaande aan die drakoste tussen twee termynkontrakmaande.

Bykomend hiertoe verlaag die CBOT se stoortariewe indien die drakoste laer as 50% daal en word die stoortariewe hoër aangepas wanneer die drakoste met meer as 80% styg.



Weerspieël stoorkoste in die JSE-stygings?

In Suid-Afrika word opgebergde graan ongelukkig nie gebruik in Statistieke SA se opname om jaarliks die syfer vir die PPI (intermediêre goedere) te bepaal nie.

Die JSE se jaarlikse stoortariefverhoging is 'n funksie van die verhoging in die maandelikse PPI (finale vervaardigde goedere). Die JSE gebruik die maandelikse PPI vier maande voor aanvang van die betrokke bemarkingsjaar. Die PPI-syfer vir Januarie word byvoorbeeld gebruik om die jaarlikse styging in die JSE-stoortarief vir mielies se bemarkingsjaar, wat elke jaar op 1 Mei afskop, te bepaal.

'n Vergelyking van ekonomiese aanwysers wat op die onderskeie sektore van toepassing is, gee 'n goeie perspektief van hoe die onderskeie subsektore presteer.

Kom ons neem die PPI (finale vervaardigde goedere) waarop die JSE-stoortarief jaarliks aangepas word as basis waarmee die gemiddelde maandelikse stygings of dalings in die ander sektore se PPI vergelyk word.

In kort moet die JSE-stoortarief min of meer met individuele opbergers se eie stoortariewe vergelyk. In beginsel behoort daar nie 'n groot verskil te wees tussen die JSE-stoortarief en die stoortarief van 'n spesifieke opberger nie. Hoekom nie? Byvoorbeeld, indien die JSE-stoortarief baie laer sou wees as 'n opberger se stoortarief, verhoog die vraag na die

uitreiking van JSE silosertifikate om die laer stoortarief te kan benut. Die JSE-kontrak is 'n standaardkontrak. Op aanbeveling van PwC gebruik die JSE die PPI (finale vervaardigde goedere). Die JSE hou streng by die aanbeveling.

Die JSE-stoortarief maak byvoorbeeld nie vir iets soos die PPI plus die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling se inspeksiedienste (*leaf services*) voorsiening nie. Nog minder vir 'n PPI plus bykomende dieselkoste om vir Eskom se beurtkrag voorsiening te maak nie. Stoorkoste kan dus nie uitgebrei word om ander kostekomponente in te sluit nie.

Waar anders kan die koste verhaal word? Dit moet uit die hanteringskoste verhaal word. Watter sektor betaal die meeste van die hanteringskoste op die mark? Stoorkoste word weer met al die belanghebbendes in die sektor gedeel wat die graan in opberging besit. Opgebergde voorraad op JSE-silosertifikate teen die JSE-stoortarief beloop sowat 25% van die totale mark (termynmark en fisiese mark).

Stoorkoste deur die gebruik van die PPI deur die JSE kan dus amper vergelyk word met die staatsgeadministreerde elektrisiteitstariewe en dieselprijs.

DIE AFGELOPE SES MAANDE

Die gemiddelde van die maandelikse PPI oor die afgelope

ses maande vir grane en ander gewasse was 9,5 indekspunte hoër as die styging in JSE-stoortariewe. Die PPI vir gemaalde produkte was 2,4 indekspunte hoër as die PPI-indeks wat die JSE gebruik. Die natmaal- en veevoerindeks was 7,2 indekspunte hoër as die styging in JSE-stoorkoste. Diesel was 71,8 indekspunte hoër.

Onthou, die ekstra dieselkoste vir kragopwekkers en die impak daarvan weens beurtkrag word nie in die JSE-stoortariewe verreken nie. Die indeks vir intermediêre goedere, waaronder opgebergde graan beter sou sorteer, was 7,5 indekspunte hoër as die styging in die JSE-stoorkoste of PPI.

AGTERSPEEN?

Dit is duidelik dat produsente die afgelope jaar die beste presteer het van al die sektore in die graanwaardeketting. Daarna volg die natmaal- en veevoervervaardigingsektor, gevolg deur die maal- en veevoervervaardigingsektor en dan die maaldryf. Indien die prestasie van die opbergingsektor afgelei kan word van die PPI wat deur die JSE toegepas word om die jaarlikse JSE-tariewe aan te pas, is dit nie vergesog om die afleiding te maak dat die opbergingsektor van al die sektore genoem aan die agterspeen suig nie.

Watter belegger sal teen die PPI (syfer) wat aan die opbergingsektor voorgeskryf word in die sektor belê (om byvoorbeeld die uitlaaitemporeveristes te verhoog) as die alternatiewe beleggingsmoontlikhede in die ander sektore in die waardeketting heelwat meer is? **LBW**

Mnr. Wessel Lemmer is hoofbestuurder van Agbiz Grain.